SAKE 24 (Beeld)
08 Feb 2012, p.3

Verbruikers hou hul geld vas ná feestyd

Kaapstad. – Verbruikers onttrek nou minder geld ná hul feestydaankope, maar teen die Paasvakansie sal hulle weer daarvoor opmaak.

Die nuutste syfers van die Spark Cash Index (SCI), wat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings by kitsbanke landwyd meet, wys 'n daling van 8,81% tot R417 per transaksie vir Januarie, vergeleke met die rekordgemiddeld van R458 per transaksie wat in Desember aangeteken is.

"Die gemiddelde onttrekkings wat ons vir Januarie-maande op rekord het, wys die afgelope vier jaar konstant negatiewe groei. Dit is tradisioneel die maand wanneer verbruikers meer konserwatief bestee ná groot uitgawes in Desember. Faktore soos salarisse wat vroeër in Desember onttrek word, het ook 'n uitwerking op Januarie se laer syfers," sê mnr. Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems.

Volgens die SCI is Januarie se gemiddeld op 'n jaargrondslag 2,63% stewiger as in dieselfde maand verlede jaar.

Sternberg sê die maandelikse gemiddelde onttrekkings behoort weer positief te groei in April wanneer daar 'n toename in kleinhandel is vanweë die Paasvakansie.

Hy meen die daling in onttrekkings vir Januarie sal weerspieël word in Statistieke Suid-Afrika (SSA) se kleinhandelverkoopsyfers vir dieselfde maand omdat dit gewoonlik 'n aanwyser van die verkoopsyfers is. SSA se kleinhandelverkoopsyfers vir Desember sal later vandeesmaand bekend gemaak word en dié vir Januarie in Maart.

Op kort tot mediumtermyn behoort stygings in huishoudelike inkomste en die stabiele rentekoersomgewing verbruikersbesteding te ondersteun. Tog reken ekonome dat die onderliggende neiging sal versag teen die agtergrond van hoër inflasie. As die ekonomie sy momentum verloor, sal inflasie verbruikers se koopkrag verder onderdruk.

Die Buro van Marknavorsing (BMN) van die Universiteit van Suid-Afrika voorspel dat reële kleinhandelverkope vanjaar waarskynlik met 4,5% op 'n jaargrondslag gaan groei.

– Letitia Watson